# Deel 23 - 12 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Seën van geestelike werksaamheid – deur Vader geopenbaar aan Bertha Dudde op 6/4/59

**No: 7327** In drukke geestelike werksaamheid maak julle julleself steeds meer los van die materiële wêreld en julle word oorwinnaars daarvan, net soos van haar heer. Hoe meer julle julleself besighou met geestelike werksaamheid, des te meer kom die siel los uit haar liggaamlike omhulsel, - ofskoon julle op aarde lewe, - maar **sy verhef haarself na ander sfere**. Sy betree die weg na haar ware Vaderland, sy is slegs 'n gas op die aarde, wie haar ware Vaderland nie vergeet het nie, maar dit onstuitbaar nastreef.

Maar waaruit bestaan die "geestelike werksaamheid" wat julle verhef uit die aardse sfeer? **Elke gedagte in die geestelike wêreld** lei na sulke geestelike werksaamheid, want sodra die siel die gedagtes opvang, wat aan haar van die ander kant af toegestuur word, **sal die ligwesens met haar in verbinding tree** en as te ware 'n geestelike tweegesprek voer, d.w.s.: die een gedagte sal die ander voortbring, die gedagtes sal verwys na God en sal weer die tweespraak met God inlei en die gevolg daarvan sal wees, dat die mens hom nou ook met sy medemens oor geestelike dinge gaan besighou; **dat hy homself nie tevrede sal stel met wêreldse kennis nie**, maar dat al sy denke juis te make sal hê het met die geestelike gebied, van waaruit hy nou onderrig word, van waaruit die siel nou geestelike voedsel ontvang.

Die siel sal daardeur ryp word, sy sal haar liggaam aanspoor om hom ook ooreenkomstig haar geestelike insig te gedra tydens die aardse lewe. Die mens sal self aan homself werk, hy sal bewustelik lewe, d.w.s.: **hy sal bewus wees van die sin en die doel van sy bestaan** en hy sal daarnatoe werk, sodat hy die doel kan bereik. Hy sal weliswaar sy aardse lewe lei, maar dit sal vir hom nie die hoofsaak wees nie, want steeds weer sal sy gedagtes omhoog sweef, na die Ryk wat nie van hierdie wêreld is nie.

En hy sal nie anders kan as om vir hierdie Ryk werksaam te wees nie, deur op die medemens te probeer inwerk, om aan **die geestelike ryk meer aandag te skenk** as aan die aardse lewe. Hy sal hulle opmerksaam maak op die nuttelose werk van die lewe, wat slegs op die wêreldse gerig is, Hy sal met sy medemens **gesprekke voer wat gaan oor die kruis van Golgota,** - hy sal nie anders kan as om steeds gewag te maak van die **goddelike Verlosser JaHshua die Messias** nie, omdat die geestelike ryk hom vashou, netsoos JaHshua die Messias Self, Wie vreugde beleef aan Sy kinders wat Hom liefhet en probeer navolg.

En julle sal leer om die aardse lewe ook op sy korrekte waarde te skat, deur geestelik werksaam te wees en so julle weg gaan met geestelike resultate vir julle siel. **Want julle word gelei deur die Ligwesens**, aan wie se sorg julle tydens julle aardse lewe toevertrou is. En hul invloed sal nie ophou nie en altyd slegs vir julle siele geld, wat alleen maar kan wen deur geestelike werksaamheid, **wie ryp sal word tydens die aardse lewe** en ook 'n ligtende voorbeeld sal wees vir julle medemense.

Want 'n siel, wat na die geestelike streef, is ook uiterlik te herken, deurdat sy **onophoudelik werksaam is vir die Ryk van God** en onophoudelik werk in die Wingerd, omdat sy van binne die drang voel om God te dien en **ook om ander siele na Hom toe te lei**, want in haar is liefde, wie haarself voortdurend sal uiter in die werksaam wees vir God en Sy Ryk. Amein.

Mattheus 5

*2 en Hy het Sy mond geopen en hulle geleer en gesê:*

*3 Geseënd is die wat **bedelaars** van die Gees is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemele. [Prediker 1:17]*

*4 Geseënd is die wat **treur**, want hulle sal vertroos word.*

*5 Geseënd is die **sagmoediges**, want hulle sal die Aarde beërwe.*

*6 Geseënd is die wat honger en dors na die **Geregtigheid**, want hulle sal versadig word.*

*7 Geseënd is die **barmhartiges**, want aan hulle sal Barmhartigheid bewys word.*

*8 Geseënd is die wat **suiwer van hart** is, want hulle sal Elohim in verwondering sien.*

*9 Geseënd is die **vredemakers**, want hulle sal kinders van Elohim genoem word.*

*10 Geseënd is **die wat vervolg word** ter wille van die Geregtigheid, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemele.*

*11 Geseënd is julle wanneer **die mense julle beledig en vervolg** en valslik allerhande besoedeling teen julle spreek om My ontwil. [Openbaring van Henog 13:85]*

*12 **Verbly en verheug julle** omdat julle loon groot is in die Hemele; want so het hulle die Profete vervolg wat voor julle gewees het. [Openbaring van Henog 13:45]*

*13 **JULLE is die sout van die Aarde**, maar as die sout laf geword het, waarmee sal sy gesout word? Sy deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.*

*14 Julle is die **lig van die wêreld**. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;*

*15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit hom onder die maatemmer nie, maar op die staander, en **hy skyn vir almal wat in die huis is**.*

*16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle **suiwer werke** kan sien en julle Vader wat in die Hemele is, verhoog.*